

Weersiens met Jaïrus en JonaEl. Wonderbare hulp van 'n engel

195 Nadat ons dit met mekaar bespreek het, bereik ons ook die oewer en juis die aanlêplek van Kisjonah, waarvandaan 'n mens dadelik deur sy groot en mooi tuin met die baie ruim geboue en woonhuise van Kisjonah kom, waarin alles al vir ons ontvangs gereed was. Want Kisjonah het in die huis van Baram al in die geheim van My gehoor dat Ek weer na hom sou terugkom en sodoende het hy deur middel van 'n kleiner vaartuig dadelik 'n bode met 'n bepaalde opdrag na sy huis gestuur.

[2] Maar wie tref ons toe ook daar aan? - Jaïrus, die ryk koopman uit Sigar wat die ou kasteel van Esau bewoon en besit het en JonaEl, die reeds bekende opperpriester uit dieselfde stad; beide is deur die engel wat by Jaïrus was, daarheen gebring; want hy het baie belangrike sake met My te bespreek. En dit was dus werklik 'n baie aangename, hemelse verrassing.

[3] Toe die twee My sien, word hulle innerlik so bly dat hulle geen woord oor hulle lippe kon kry nie; hulle lê hulle van diepe ontroering en vreugde bewende hande op hulle bors en begroet My so met al die liefde van hulle hart.

[4] Ek sê egter aan hulle: "My beste vriende en broers, Vermoei nie die tong nie; want één woord van jou hart tel by My meer as 'n duisend nog sulke mooie woorde wat die tong spreek, waar die hart dikwels nie veel van weet nie!

[5] Herstel eers van julle lang en vermoeiende reis; daarna sal Ek julle vertel wat julle tuis moet doen met die ortodokse Samaritane langsaan julle, beste JonaEl, aangestelde opperpriester vir die niksseggende, blinde diens op Gerasim. Maar soos Ek sê, julle het eers rus en herstel nodig, hou julle dus eers daarmee besig!

[6] Broer Kisjonah, sorg jy vir verversings en maak gebruik van die Dienaar van die twee vriende wat uit Sigar hierheen gekom het; want hy is nie moeg nie en hy sal julle flink en goeie diens verleen en hy ken jou huis al so goed, asof hy al baie jare as eerste kneg in jou diens was. Maak dus maar onbesorgd gebruik van hom en laat jou vermoeide mense ook 'n rukkie rus; die dag loop al wel na sy einde, maar jou huishouding sal nie daaronder ly as die vermoeides vandag eerder rus nie, want die dienaar sal almal goed vervang."

[7] **Kisjonah** sê: "Meester, dat al hierdie dinge by U moontlik is, daarvan is ek vas oortuig en daarvoor het ek heeltemal dieselfde mening en dieselfde geloof as ons jong fariseër Agab; maar hoe die baie teer geboude jongeling, wat eintlik net 'n seun is, die groot hoeveelheid werk sal kan verrig en ons met alles sal kan bedien, terwyl ons tog 'n paar honderd mense hier aanwesig is, dit is, Meester, - hoewel ek nie in die geringste daaraan twyfel nie - te raaiselagtig vir my!"

[8] Ek sê: "Vriend, jy het hier te min melk, kaas en botter; maar bo-op jou berg het jy 'n groot voorraad. Laat die

knaap eers jou hele voorraad van die berg haal; dit is beter dat jy die voorraad hier het as bo-op die berg, waar 'n horde wilde Skithe vannag 'n strooptog sal hou op soek na buit."

[9] "Aha", sê **Kisjonah**, "nou gaan daar vir my 'n lig op! Die seun is sekerlik net soos die drie wat ons op die bergtop gedien het." Ek antwoord: "Ja, maar vra en raai nou nie langer nie, anders word dit te laat!"

[10] Dan gaan Kisjonah gou na **die jongeling** en bring hom op sy vriendelikste manier sy wense oor. Die jongeling sê: "Beste vriend van my Meester en Elohim, wees gerus; binne 'n paar oomblikke is alles in orde, want by my is hier en daar en orals een en dieselfde, en hoewel ek een van die swakstes is, moet die hele aarde tog bewe onder die geweld van my voete!"

[11] Kisjonah was grootliks verbaas oor so 'n uitspraak en kon homself beslis nie voorstel wat dit beteken nie en hy merk kwalik van pure verbasing dat die jongman met die laaste woorde die kamer verlaat het om sy opdrag uit te voer.

[12] Kisjonah het nog lank nie sy verbasing oorkom nie en wou My net vra hoe dit tog moontlik kan wees toe **die jongeling** baie soepel weer voor hom staan en glimlaggend sê: "Wel, u staan nog daaroor en nadink hoe dit moontlik sou wees en dit is alles reeds gedoen! Selfs dit waarvoor jou ywerige skrywers geen geleentheid gehad het om in die dag- en rekeningboeke in te vul nie, vanweë die drukte by die tol, het ek gou vir hulle gedoen - sodat hulle nou heeltemal vry kan wees en klaar is met hulle werk!"

[13] Die geheel oorblufte **Kisjonah** weet nou heeltemal nie meer waar hy hiermee aan is nie en sê baie verwonderd: "Maar my beste, hoe is dit moontlik? Terwyl jy nog maar net die kamer verlaat het, beweer jy nou dat jy al meer gedoen het as waartoe al my mense wat so hard moontlik werk in 'n week in staat is? Dit is vir my tog 'n bietjie ongelooflik! Daarvoor sou jy minstens duisend hande moet hê en so gou as 'n bliksem moet wees!"

[14] **Die jongeling** antwoord: "Wel, gaan dan na buite en oortuig uself van alles!"

Engelwerk. Één engel sorg vir die hele plantewêreld op aarde

196 Toe gaan Kisjonah na die voorraadkamers en kry die hele voorraad melk, kaas en botter, alles ordelik op die presiese plekke gebêre, en hy gaan na die skure en tref hulle vol aan; want ook die ryp koring wat op die veld gestaan het, is ingebring. Vervolgens gaan hy die groot stalle van die bokke, skape en esels binne en vind daar alles goed in orde! Ook gaan hy na sy groot kantoor, kyk in die boeke en vind orals alles heeltemal in orde en hy kontroleer die geldlaaie en sien dat hulle alles vol is; dan haas hy hom na die groot kombuis en vind alles goed en in die korrekte hoeveelheid en verskeidenheid gekook en gereed en hy vra **die manlike en**

vroulike kokke hoe dit alles met hulle werk gegaan het. Maar hulle weet niks anders as om te sê: “Daar kom `n mooi jongeling in die kombuis in en hy sê: “Sit die kos in die bakke; want dit is alles al gereed!” Daarop ondersoek ons die voedsel en dit was net soos die jongeling gesê het, wat ons dadelik weer verlaat het. Proe self die kos en u sal sien dat dit so is!”

[2] Kisjonah proe die kos en stel vas dat sy kokke die reïne waarheid gepraat het. Dan gaan hy weer na die groot kamer waar Ek was en **die jongeling** vra hom: “Wel, Kisjonah, is jy tevrede met my?”

[3] **Kisjonah** antwoord: “Daar het al baie wonderbaarlike dinge in my huis gebeur; dit was vir my slegs maar te begryp deur in my hart hardop te sê: By Elohim is alle dinge moontlik! Maar tog is dit die onbegryplikste! Om werk, wat andersins `n hele dag se harde werk sou gekos het, deur die magtige hand van mens vervul met Elohim se Gees so te sê in `n oogwink te verrig, dit is nog te begrype; maar dit is baie anders wanneer honderde werksaamhede op ver van mekaar geleë plekke deur `n menslike wese in een en dieselfde oomblik verrig word; dit is vir `n sterflike mens ondanks al sy begrip en sy skerpe verstand beslis nie te begryp nie en ek kan daarvoor niks anders sê nie as: **Meester, wees my arme sondaar genadig en barmhartig; want ek is dit nooit werd dat U onder my dak kom woon nie!**”

[4] Maar **Ek** sê aan Kisjonah: “Hou eïndelik nou op om jou so te verbaas en laat jou mense nou die kos inbring; want ons is almal al behoorlik honger.

[5] As dit jou nou so besonder verbaas, wat sal jy dan sê as Ek jou in alle waarheid sê dat op die hele aarde slegs één engel aangewys is om te sorg vir die groei van al die gras, al die struïke en bome, elkeen volgens sy aard, en die voortbrenging van die grootste verskeidenheid van vrugte, en vir al die diere in die water, in die lug en op die grond? Dit sal dan deur jou ook nie goed verstaan kan word nie, maar tog is dit so en gebeur dit so! Wees dus nie so verbaas nie, maar gaan en laat die dienaars ons voedsel bring!”

[6] Dan vra **Kisjonah**: “Meester, my enigste liefde en lewe, wat sou U daarvan dink om dit toe te staan dat die wonderbaarlike jongeling ons met die inbring van die groot hoeveelheid voedsel sal help; want vir my dienaars vat dit omtrent `n uur!”

[7] “Goed”, sê **Ek**, “laat hy jou maar help, maar hou op met jou oormatige verbasing; **want jy weet dat by Elohim alles baie maklik moontlik is!**”

[8] Met die antwoord is Kisjonah heeltemal tevrede en hy vra aan die steeds baie welwillende, vriendelike, aansienlike, jongeling, om die voedsel uit die kombuis op die tafels wat alreeds gereedgemaak was, te bring.

[9] **Die jongeling** sê: “Maar nou, beste vriend, moet nie verbaas wees nie! Kyk eers na die tafels! Toe u nog besig was om aan die Meester der Glansrykheid te vra of ek mag help, gebeur dit reeds. Maar waar is jou wyn?”

[10] **Kisjonah** kyk vlugtig oor die tafels heen en verbaas homself innerlik, maar sê dan: “Werklik, ons sou die wyn haas vergeet het! Wil jy so vriendelik wees om dit ook nog vir my uit die groot kelder te gaan haal?”

[11] “Kyk!”, sê **die jongeling**, “Dit is alles al weer in orde, die wyn staan in die presiese hoeveelheid langs die voedsel op die tafels.”

[12] Kisjonah gaan die veertig groot tafels na wat in die groot eetsaal opgestel staan en wat baie goed voorsien was, en daar ontbreek niks: stoele en banke staan mooi opgestel en daar staan voldoende lampe op al die tafels vir die beligting tydens die aandskemering en hulle brand reeds met skoon vlamme en gee `n helder lig!

[13] Wanneer **Kisjonah** dit alles in homself opgeneem het, raak hy innerlik vol verwondering en sê na `n rukkie: “O Elohim, o Elohim, JaHshua, my ewige liefde! As dit so aangaan, verander al my huise hulleself vandag nog en word al die hout en gesteentes daarin nog lewend!” - En hy wend homself tot die jongeling en sê: “Vriendelike jong mens of engel, wat jy ookal is of hoe mens jou ookal kan noem, lê dit tog vir my uit hoe so iets enigins vir jou moontlik is!”

[14] **Die jongeling** antwoord: “U is wel baie nuuskierig; ek sê u: Vir my is sonder Hom, wat nou by u in die wêreld woon, niks moontlik nie; Hy is die Een wat al sulke dinge verrig! Hoe Hy dit alles doen, moet u aan Hom vra; want die krag om die dinge te doen is nie van my nie, maar van die Meester wat Sy onderdak by u gekies het. Gaan en vra dit dus aan Hom!”

[15] **Kisjonah** sê: “Beste vriend, dit weet ek wel; maar ek wil net graag iets weet oor die manier waarop so iets tot stand gebring word. Jy moet tog `n beweging maak? Dit moet dan tog wel baie gou en sekuur gebeur! Want daarmee vergeleke het die bliksem tog baie duidelik `n slakkegangetjie! Ag, ag, ek moet maar net daaraan dink! As jy vir dit alles ook maar `n honderd oomblikke gebruik het, dan was dit alles tog nog makliker te begryp; maar om so - sonder dat dit merkbaar tyd in beslag neem om dit alles te kan doen, en dan ook nog baie ordelik, dit gaan my normale denkvermoë volledig te bowe en daardeur durf ek van pure eerbied en bewondering kwalik meer asem te haal!”

[16] **Ek** sê aan Kisjonah: “Wel, vriend, is jou verbasing nog nie ten einde nie? Ek dink dat ons nou maar eers aan tafel moet gaan en daarna praat oor die verdere aspekte van die almag van Elohim en Sy meer as duidelike Liefde en Wysheid!”

[17] **Kisjonah** sê: “Meester, vergeef my! Deur al die verwondering het ek byna vergeet waarvoor die voedsel en drank op die tafels staan; ek nooi U en al die van U uit om aan tafel te gaan! Maar waar is U moeder Mirjam, en diegene wat met haar saamgekom het en waarvan U sê dat hulle U susters is, dan kan ek hulle laat haal vir die aandete?”

[18] **Ek** sê: “Vra eers na jou vrou en jou dogters! Waar die is, daar is die goeie Mirjam ook met die dogters van Josef, wat My aardse pleegvader was. Hulle is nou druk met mekaar besig om vandag nog alles te bekyk waar hulle natuurlik môre, oormôre en daarna nog tyd genoeg voor sou hê! Ons jong en behendige dienaar sal hulle almal wel gaan haal en hierheen bring, wees dus nie besorg nie.”